



GRATIS
September
2024

Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 26 JAAR OUD!

AANLYN-UITGawe
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Be Anxious for Nothing

REJOICE IN THE LORD ALWAYS

"Rejoice in the Lord always. I will say it again: Rejoice!" (Phil. 4:4 NIV).

"Glory in His holy Name; let the hearts of those who seek the Lord rejoice" (Ps. 105:3 NIV).

Anxiety is a meteor shower of what-ifs. What if I don't close the sale? What if we can't afford braces for the kids? What if my kids have crooked teeth? What if crooked teeth keep them from having friends... a career... a spouse? Anxiety is living life in a minor key with major concerns.

Is your heart weighed down with worry? Could you use some calm? If so, you aren't alone. Conquering anxiety and worry requires some work on your part, but it is not God's will that you lead a life of perpetual anxiety. God loves his children. He oversees your world. He monitors your life.

In Philippians 4:4, Paul offers what could be considered a "prescription" for anxiety and worries. Interestingly, this prescription begins with a call to "rejoice in the Lord always." Paul used every tool in the box on this verse to get his readers' attention. First, he uses a verb tense so they would hear, "continually, habitually rejoice!" And if the verb tense wasn't enough, he removed the expiration date: "Rejoice in the Lord always." And if that wasn't enough, he repeated the command: "Again I will say, rejoice!"

But how do you obey this command? By recognising the sovereignty of God. The most stressed-out people are control freaks. The more they try to control the world, the more they realise they cannot. Life becomes a cycle of anxiety, failure; anxiety, failure; anxiety, failure. But when you recognise heaven has an

occupied throne, you allow the Lord to be in control. God then calms your fears not by removing the problem, but by revealing his divine power and presence. Your anxiety decreases as your understanding of God, your Father, increases.

Also realise that God has freed you from the guilt and quagmire of regret that may be causing you anxiety. Unresolved guilt can turn you into a person who is hiding, running, denying, and pretending. Guilt can suck the life out of your soul. But grace restores that life and allows you to trust God's forgiveness. The result is the ability to rejoice unhindered, confident in God's sovereignty.

LET YOUR GENTLENESS BE EVIDENT TO ALL

"And let gentleness be seen in every relationship, for our Lord is ever near" (Phil. 4:5 TPT).

"And everything I've taught you is so that the peace which is in Me will be in you and will give you great confidence as you rest in Me. For in this unbelieving world you will experience trouble and sorrows, but you must be courageous, for I have conquered the world!" (John 16:33 TPT).

Unchecked anxiety can unleash an Enola Gay of angry outbursts, rash accusations, and fiery retaliations against those in your path who are unfortunate to be at the wrong place at the wrong time. How many people have been wounded as a result of such unbridled stress? On the other hand, how many disasters have been averted because one person decided to be calm?

It is this composure Paul is referring to when he states, "Let your gentleness be evident to all" (Phil. 4:5 NIV). The Greek word translated as gentleness describes a temperament that is seasoned and mature. It envisions an attitude that is fitting to the

occasion, level headed and tempered. The gentle reaction is one of steadiness, evenhandedness, and fairness.

Jesus promised that "in this world you will have trouble" (John 16:33 NIV). But what you also need to remember is that Jesus has promised to be with you in the midst of those troubles. Before Jesus departed this Earth, He said to His disciples, "Go and make disciples of all nations... teaching them to obey everything I have commanded you. And surely I am with you always, to the very end of the age" (Matthew 28:19 - 20 NIV).

God was never watching from a distance. In fact, His very Name is Immanuel, which means "God with us." He became flesh. He became sin. He defeated the grave. And He is still with you.

Anxiety management is like pulling stumps out of the ground. Some of your worries have deep root systems, and extracting them is hard work. But you don't have to do it alone. Present the challenge to your Father and ask for help. Will He solve the issue? Yes, He will. Will He solve it immediately? Maybe. Or maybe part of the test is an advanced course in patience. This much is sure: contagious calm will happen to the degree that you turn to Him.

PRESENT YOUR REQUESTS TO GOD

"Do not be anxious about anything, but in every situation, by prayer and petition, with thanksgiving, present your requests to God" (Phil. 4:6 NIV).

"Cast all your anxiety on Him because He cares for you" (1 Pet. 5:7 NIV).

In Luke 18:1-8, Jesus told a parable about a persistent widow who went before an unjust judge. The woman so pestered the judge that he finally agreed to her

request just to get her to go away. Jesus ended the parable by saying, "Will not God bring about justice for His chosen ones, who cry out to Him day and night?" (verse 8, NIV).

What are you to make of this parable? Is God a reluctant judge? Are you the marginalised widow? Is prayer a matter of pestering God until He breaks down and gives you what you want? No, this is a parable of contrast, not comparison. God is not like the judge in the story. He is not reluctant in answering the prayers of his people. As a child of the King, you can turn to him at any moment. He never places you on hold or tells you to call again later. God loves the sound of your voice. Always. He doesn't hide when you call. He hears your prayers.

Thanksgiving is the means God uses to help you take the focus off yourself and onto Him. Gratitude is a powerful weapon in the arsenal against anxiety because it leads you out of the land "if only" and into the realm of "already." The anxious heart says, "Lord, if only I had this, that, or the other, I'd be okay." The grateful heart says, "Lord, you've already given me this, that, and the other thing. Thank you for your blessings, God." In Christ you have everything. So anchor your heart to the character of God. Treat each anxious thought with a grateful one, and prepare yourself for a new day of joy.

THE PEACE OF GOD WILL GUARD YOUR HEART

"And the peace of God, which transcends all understanding, will guard your hearts and your minds in Christ Jesus" (Phil. 4:7 NIV).

"Peace I leave with you; My peace I give you. I do not give to you as the world gives. Do not let your hearts be troubled and do not be

Continued on p. 4

Die HERE is My Herder

Gedurende my worsteling in gebed, terwyl ek in diep trauma verkeer vanweë die aanslae van die vyand, kom die eerste versie van Psalm 23 by my op: "Die HERE is my Herder." Helder en duidelik spoel dit soos die refrein van 'n lied deur my gees. Dit spoel oor en oor deur my teenoor Satan wat my wil vernietig deur my teen God te laat rebelleer. En dit duur ure! Maar ek oorwin deur hierdie Woord van God wat ek sonder ophou bely en bid, nl. die tema van Ps. 23 in my: "Die HERE is my Herder." Ek beleef Sy liefde, Sy deernis, Sy genade, Sy barmhartigheid, Sy Goddelike medelye. Ek oorwin met die Swaard van die Gees, dit is die Woord van God (Ef. 6:17; Heb. 4:12).

Die Woord van God moet op ons tong en op ons lippe wees wanneer ons in geestelike oorlogvoering teen die vyand te staan kom. Daarom het ek in hierdie besondere situasie, gedryf deur die Heilige Gees, aanhouwend bely, oor en oor, sonder ophou, totdat die deurbraak gekom het: "Die HERE is my Herder."

Daar is 'n rykdom van belewenisse deur die gelowiges regdeur die eeu heen, waaroor daar baie geskryf, gepreek en getuig is. En ek beleef self: "Die vurige gebed van die regverdige het groot krag" (Jak. 5:16). Ons het Hom hoor sê: "Ek is die Goeie Herder en ek ken My skape en hulle ken My stem. Ek lê My lewe af vir die skape" (Joh 10:11-15). Daar is ook 'n onmeetlike krág aan hierdie woorde.

Hoe baie mense kan getuig dat Psalm 23 deur die eeu al meer mense genees het as wat enige geneeskundige ooit kon doen. Miljoene gelowiges het al telkemale hul toevlug tot Psalm 23 geneem.

In 'n neutedorp sê die Heilige Gees in Psalm 23 vir ons dat ons geestelike versorging, saligheid en veiligheid nie afhanklik van enige mens is nie, maar van die Almagtige God. 'n Mens ontdek onder ander hoe teer die Herder is. Hy is teerhartig en liefhebbend. En dan sê Dawid van hiérdie geweldige God: "Die Here is my Herder." Hierdie geweldige Wese, het 'n herdershart! Dis Wie Hy is.

"Niks sal my ontbreek nie". 'n Ware en goeie herder sal nooit toelaat dat sy skape aan enigiets gebrek ly nie. Die Herder is sag teenoor ons deurdat Hy ons "laat neerlê." Dit is 'n teken van beskerming en sekuriteit. Niks kán die skaap uit die Herder se Hand wegruk nie (Joh. 10:28).

Verder LEI die Herder Sy skape. Hy stap voor. Hulle ken Sy Stem en is lief vir Sy Stem.

Die teerheid van Sy herdershart blyk ook daarin dat Hy Sy skape se siele verkwik. Die Hebreeus beteken: "Om te laat herleef / herstel die moeë." Net die lewe as sulks het die vermoë om 'n mens uit te droog - geestelik en emosioneel. Soms wil ons handdoek ingooi en opgee. Soms loop ons deur onder die genadeloosheid van die lewe. En dan kom God se sterkte en krag net weer.

In die donkerste van die donker doodsvillei skyn die lig van die Herder van die skape die helderste vir hulle. "En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie" (Joh. 1:5). En skielik sien jy die lig. Jy weet nie waarvandaan dit kom nie, maar ander kinders van God het gebid vir jou.

Hier voel jy ook die Herder se staf, met die krom handvat sel om jou wat jou tussen die doringtakke uittrek met liefde. Jy sien die stok wat Hy in Sy hand hou om die ongediertes weg te dryf, en jy gewaar die verligting in jou innerlike menswees en kan met blydskap uitroep: "Ek is gered! Uitkoms is hier!" Dawid het dit só beskryf: "Ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my; U stok en U staf die vertroos my."

Al gaan ons selfs deur die doodsvillei, is die doodsvillei nie vir die Herder 'n struikelblok nie. Dit vang Hom nie onkant nie. Hy ken die doodsvillei baie goed omdat Hy dit Self deurgegaan het. Kyk mooi wat daar staan: "...sal ek nie bang wees nie." Hoe ken Hy die doodsvillei? In die Tuin van Getsemáne, in die nag, toe Sy sweet soos bloeddruppels geword het toe Hy as Seun van die Mens daar geworrel het. En Hy het dit ervaar op die Kruis van Gólgota op die volgende middag toe dit van 12:00 tot 15:00 pikdonker geword het, en Hy uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Ja, "Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n Man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir Wie 'n mens sy gelaat verberg..." (Jes. 53:3). En, "Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte - dié het Hy gedra..." (Jes. 53:4).

HY ken die doodsvillei, maar Hy het dit vir ons oorwin! "Want deurdat Hy Self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word" (Heb. 2:18).

Jesus is:

- Die Goeie Herder (Joh. 10:11,14)
- Die Groot Herder (Heb. 13:20):
- Die Opperherder (1 Pet. 5:2,4).

Dit beteken Hy het ander herders ook onder Hom aangestel in die Liggaaam van Christus, soos vir Petrus hierbo in 1 Pet. 5:2. Ons lees daaroor in Joh. 21 waar Jesus vir Petrus drie keer vra: "Het jy My lief?" Dit beteken, bō hierdie vissersberoep. Dan antwoord Hy Self drie keer: "Laat My lammers wei" en "Pas My skape op" en "Laat My skape wei."

God plaas 'n hoë premie op herderskap. Die engele het selfs vir herders gesing met Jesus se geboorte: "...dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is" (Luk. 2:11).

Ek dink ons is almal God se herders om na mekaar om te sien. Ons is Sy kudde. Hy sê: "Want so sê die Here HERE: Kyk, hier is Ek, en Ek sal na My skape vra en vir hulle sorg. Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid. En julle is My skape, die skape van my

weide; julle is mense, Ek is julle God, spreek die Here HERE" (Eseg. 34:11, 12, 31). Wees ook jy Sy herder.

Ná die woorde in Psalm 23, "tot in lengte van dae," moet daar eintlik 'n klompie kolletjies (ellipses) wees. Want dit dui op onbeperkte lengte. Wat Dawid nie gesien het nie, sien Johannes in Openbaring 21: "Die woonplek van God is nou by die mense en Hy sal by hulle wees as hulle God. En Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. En die dood sal daar nie meer wees nie. Smart, pyn en leed sal daar nie meer wees nie, want die dinge van vroeër het verbygegaan."

Wat Dawid nie gesien het nie, sien Paulus in 1 Kor. 2:9: "Wat die oog nie gesien het nie en die oor nie gehoor het nie en wat in geen mens se verbeelding opgekom het nie, dít het God berei vir die wat Hom liefhet."

Wat is jóú belewenis van Psalm 23? Gee net alles oor aan Jesus, jou liefdevolle Herder! "Die HERE is MY Herder!"

©Dr JJ Venter

Great Joy

James, the half-brother of Jesus, couldn't believe that his flesh-and-blood sibling was the actual Son of God - until He rose from the dead. Then, he was convinced. It was that same James who wrote: "Dear brothers and sisters, when troubles of any kind come your way, consider it an opportunity for great joy. For you know that when your faith is tested, your endurance has a chance to grow" (James 1:2-3 NLT). According to the first-century Jewish historian, Josephus, James was eventually martyred for his confident faith in Jesus - his brother and his Lord.

Here are five things to note from James' mini-sermon:

- **First**, the text says "when troubles of any kind come your way..." It's not IF troubles come our way, but when. We live in a broken world that has not yet been fully restored, so we shouldn't be surprised when issues and challenges arise.
- **Second**, the text says "when troubles of any kind come your way..." Not merely justified trouble or undeserved trouble, but any kind of trouble. And even when troubles find you, it's an opportunity for joy.
- **Third**, the text connects hardships with the testing of our faith. This doesn't mean that God causes every challenge in our life, but He can certainly use them to reveal what's inside. It's in the refining that we're made to look like Him.
- **Fourth**, the text says, especially during difficult seasons or situations, to "consider it an opportunity for great joy." Happiness is dependent on circumstances, but joy is accessible no matter what.
- **Fifth**, the text implies that troubles, trials, or difficulties all create space for endurance to grow. Think of a flower: In order for a flower to grow, it has to go through something - that something being dirt. So when you're faced with hard things and can't understand why, consider it an opportunity for great joy. That's when you know that you're growing and becoming more like Him!

Prayer: God, Thank you for allowing me to experience spiritual trials. Thank you for refining my faith through them. When I go through hard situations, please lead me away from temptation by giving me the strength to endure. Remind me of the joy set before me: the purification of my character and eternity spent with you. In Jesus' Name. Amen.

- Selected

Koninkrykswaardes

In 2023 het McLaren 'n nuwe rekord tydens die F1-resies opgestel, met die vinnigste pitstop van slegs 1.8 sekondes! Hierdie ongelooflike spoed weer-spieël hoe vinnig dinge in ons moderne wêreld beweeg, wat ons verwagtinge en leefstyl dramaties verander. Ons raak gewoond daaraan om alles onmiddellik te wil hê, maar die Koninkryk van God bied 'n radikaal ander perspektief - een wat ons uitnooi om eerder ons prioriteite te hersien en na dieper, ewige waarhede te soek.

KONINKRYKSWAARDES VS WÊRELDSE WAARDES

Geestelike Armoede en Afhanklikheid van God: Jesus verklaar, "Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die Koninkryk van God" (Lukas 6:20). Hierdie seën verwys nie na fisiese armoede nie, maar na 'n geestelike armoede - die besef van ons afhanklikheid van God. Dit is juis wanneer ons erken dat ons

sonder God niets is nie, dat ons begin om die ware rykdom van die Koninkryk te ervaar. Hierdie rykdom sluit in dieper geestelike vervulling, 'n intieme verhouding met God, die ervenis van die Koninkryk, vrede wat alle verstand te bowe gaan, en die krag en wysheid om volgens God se wil te leef. Hierdie tipe rykdom is onmeetbaar met aardse standaarde en oorskadu alle vorme van wêrelde voorspoed. Soos Jesus Self gesê het, "Soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Honger na Geregtigheid en God se Wil: "Geseënd is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word" (Lukas 6:21). Hierdie seën fokus op die geestelike honger na geregtigheid en 'n verlange na God se wil. In die wêreld is die drang na onmiddellike bevrediging van begeertes baie sterk, maar in die Koninkryk van God is dit diegene wat 'n honger het na

wat reg en goed is in God se oë, wat uiteindelik die diepste vervulling sal ervaar. Hierdie versadiging is nie net fisies nie, maar ook geestelik - 'n vervulling wat geen aardse rykdom kan bied nie.

Lyding as 'n Weg na Ware Vreugde: "Geseënd is julle wat nou ween, want julle sal lag" (Lukas 6:21). In die Koninkryk van God word trane van lyding omgeskakel in vreugdevolle viering. Die wêreld vermy lyding en streef na onmiddellike geluk, maar die Koninkryk leer ons dat ware vreugde dikwels deur lyding kom. Hierdie vreugde is nie oppervlakkig nie, maar diep en blywend, omdat dit gewortel is in die belofte dat God uiteindelik alle trane sal afvee en ons sal vertroos met 'n vreugde wat die wêreld nie kan gee nie.

Verwerping as Bewys van Koninkryksidentiteit: Jesus sê, "Geseënd is julle wanneer die mense julle haat en uitsluit ter

wille van die Seun van die Mens" (Lukas 6:22). Hierdie seën erken dat volgelinge van Christus dikwels verwerp en vervolg sal word, maar die geseëndheid lê in die feit dat hierdie verwerping ter wille van Christus gebeur, wat aandui dat hulle aan die Koninkryk van God behoort. Waar die wêreld goedkeuring en aanvaarding van ander najaag, leer die Koninkryk dat ons ware identiteit en seën lê in ons verhouding met Christus, selfs al beteken dit verwerping deur die wêreld.

Die Koninkryk van God bied 'n radikale ander pad as dié van die wêreld. Dit daag ons uit om ons waardes te heroerweeg en om 'n lewe te lei wat gefokus is op geestelike rykdom, geregtigheid, vreugde deur lyding, en identiteit in Christus. Wanneer ons die Koninkryk se beginsels bo dié van die wêreld kies, ervaar ons 'n vervulling en seën wat geen aardse standaard kan meet nie.

- PD Conradi, Sel: 067 109 7462

Thuso ya Me e Tlaa Tswa Kae?

(Where will my help come from?)

PESALOME 23

1 Pesalome ya ga Dafita. Morena ke modisa wa me, ga nkitla ke tlhoka sepe.
2 O mpothisa mo mafulong a matalana, o nkgogela kwa met-sing a tapoloso.
3 O lapolosa mowa wa me; o ntsamaisa mo ditseleng tsa tshiamo ka ntlha ya leina la gagwe.
4 Le fa ke tsamaya mo mogorogorong wa moriti wa loso, ga nkitla ke boifa bosula bope; gonne o na le nna. Tsamma ya gago le seikokotlelo sa gago di a nkgomotsa.
5 O baakanya bojelo fa pele ga me go lebagana le baba ba me; o ntlotsa tlhogo ka lookwane; sen-welo sa me se tletse, se a penologa.
6 Ruri molemo le boitshwarelo di tla ntshala morago ka malatsi otlhe a bophelo jwa me; ke tla nna mo Ntlong ya Morena go ya bosakutleng.

DITEMANA

"Nna Morena ke tla akofa ke diragatsa tseo mo motlheng wa tsona" (Jesaya 60:22).

"Jesus a mo araba a re: 'Se ke se dirang wena ga o se tlhaloganye

jaanong, mme o tla se lemoga morago'" (Johane 13:7).

"Ya re Jesu a utlwa lefoko le le buiwang, a raya mogolo wa senagoge a re: 'Se boife, dumela fela'" (Mareko 5:36).

"Morena, Modimo wa ga Dafita rraago, o bua jaana o a re: 'Ke utlwile thapelo ya gago, ka bona dikeledi tsa gago. Bona, ke tla go fodisa'" (2 Dikgosi 20:5)

"Mme itseng, nna ke na le lona ka malatsi otlhe go ya bokhutlong jwa lefatshe" (Matheo 28:20).

"Gonne ke kaya gore dipogo tsa sebaka seno ga se tsa sepe, fa di bapsiwa le kgala-lelo e re tla e senolelwang" (Baroma 8:18).

DIKAKANYO

Nako e ntsi batho ba na le go botsa gore Modimo o kae? Ke eng a sa thus? Nako e ntsi re tsamaya mo gare ga mathata mme re ikutlwa e kete re ka se kgone mme re tlhoka thuso. Buisa ditemana tse di fa godimo gape. Fa o tlhoka thuso ya Morena itse gore o tla go thusa ka nako ya gagwe, e seng ka nako ya gago.

Fela jaaka temana e e latelang e bua. Nako e ntsi ga re tlhaloganye gore goreng go diragala sengwe mme goreng ka wena le baratiwa ba gago. Gongwe Morena ga a batle go arabela kopo ya gago le thapelo ya gago jaanong jaana. Ene o itse tse wena o sa di itseng. Nako e ntsi fa re lebelela kwa morago re bona gore goreng Modimo a ne a sa go fa se o ne o se batla. Nagana fela fa Modimo a ne a file batho botlhe ba ba kopang dinomoro tsa Lotto.

A ba ne ba ka tokafala kgotsa ba ne ba tlie go mo lebala? Gopola fela Ps 23:4, "Le fa ke tsamaya mo mogorogorong wa moriti wa loso, ga nkitla ke boifa bosula bope; gonne o na le nna." Modimo o dula a le teng. O gotlhe. O tlaa go thusa mme o tlaa go sireletsa. Se boife. Bala gape temana ya 2 Dikgosi 20:5, "Ke utlwile thapelo ya gago, ka bona dikeledi tsa gago. Bona, ke tla go fodisa." Sefela se se opelwang ke Soweto Gospel Choir sa re: "Tshepha Thapelo!" Le fa re sa folo mebele re ka fola mowa. Paulo o ne a reng ene? "Gonne mo go nna go phela ke Keresete, go swa ke letlotlo" (Bafilipi 1:21) Tlhomamisa fela



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

gore o na le Jesu mo bophelong jwa gago. Ene a ka go thusa go fenya mathata otlhe. O na le rona nako yotlhe. Gonne ke kaya gore dipogo tsa sebaka seno ga se tsa sepe, fa di bapsiwa le kgala-lelo e re tla e senolelwang.

THAPELO

Morena, Ntate wa rona re lebogela thuso le kemonokeng ya gago. Re kopa o romele mowa o o boitshepo go re thusa gore re se lebale gore o na le rona. O re boleletse gore o ka se re tlogele. Re go leboga nneta e. Re go leboga lerato le tlhokomelo ya Gago. AMEN.

Be Anxious for Nothing

Continued from p. 1
afraid" (John 14:27 NIV).

When mariners describe a tempest that no sailor can escape, they call it a "perfect storm." Not perfect in the sense of ideal, but perfect in the sense of combining factors. All the elements, such as hurricane-force winds plus a cold front plus a downpour of rain, work together to create an insurmountable disaster. The winds alone would be a challenge - but the winds *plus* the cold *plus* the rain? The perfect recipe for disaster.

You don't need to be a mariner to experience a perfect storm. In fact, you've undoubtedly already faced a few in your lifetime. A layoff plus recession. An illness plus a job change. A relationship breakup plus a college rejection. A sudden loss plus an unforeseen event that threatens your future. Individually, these elements might be manageable. But collectively, they are absolutely formidable. It's enough to make you wonder, "Will I even survive?"

Paul's answer to that question is as profound as it is concise. When you present your requests to God with thanksgiving, "the peace of God... will guard your

heart" (Philippians 4:7 NIV). In other words, as you do your part and release the worry to God, He does His part by bestowing on you His perfect peace. You should be worried... but you're not. You should be upset... but you are calm. The peace of God transcends all logic, scheming, and efforts to explain it.

When you seek the Lord, you will find Him. So seek Him first. Lead with worship and thanksgiving. Go first to your Father in prayer and praise. Confess to Him your fears. Gather with His people. Set your face toward God. Cry out for help. Admit your weakness. Then, once God moves, take a step and move with Him.

MEDITATE ON THESE THINGS
Paul's final instruction in his prescription to anxiety is to meditate on the things of God. In other words, pick what you ponder. Picture your thoughts as airplanes in the sky above a busy airport. You are the air traffic controller of that airport. You get to decide which thoughts land and which ones fly away. Want to be happy tomorrow? Let the thoughts of happiness land today. Want to be miserable tomorrow? Let thoughts of guilt, worry, and fear land today.

Healing from anxiety requires healthy thinking. In truth, your challenge is not your challenge; your challenge is the way you think about your challenge. Likewise, your problem is not your problem; the way you look at the problem is your problem. Satan knows this, which is why he is always seeking to plant lies in your thinking. He wants to influence the way you perceive your struggles or uncertainties. But remember that he is not the master of your mind.

Furthermore, you have a power he can never defeat, for you have God on your side. When anxiety threatens to weigh down your heart, you can simply call on God. This slaps the handcuffs on the culprit and marches it before the One Who has all authority. This denies worries and fears to have a platform to influence your mind. This guards your thoughts as you trust in God your Father.

But who can really do this? There is a simpler way: just make it your aim to **cling to Christ**. Abide in Him. Go to Him as your source of strength and the One your thoughts need to obey. Read God's Word. Listen to sermons. Worship Him. Set aside distractions and claim time for Him.

Understand that if anything good comes into your life, He will be the conduit. And when you cling to Jesus, you fill your mind with God's truth. You disarm the enemy and keep anxiety at bay. You receive God's truth. And that truth sets you free - free from fear, free from dread, and, yes, free from anxiety.

A new day awaits you. A new season in which you will worry less and trust more. A season with reduced fear and enhanced faith. Can you imagine a life in which you are anxious for nothing? God can. And, with his help, you will experience it!

- Condensed from: *Anxious for Nothing*, Max Lucado

The dominant duty of the disciple of Christ is to cling to Jesus
- Max Lucado



Die Here se Komma-kind 'n Gebed deur Katrienkie

Soms, Here, soms stamp die lewe 'n mens se regop-loop onderstebo. Sommer so sonder dat jy vra. Soms is dit 'n skewe kyk of 'n skewe woord, of 'n kind se dwars-wees, of die lewe se eise wat net te veel is en die tyd wat net nooit by alles kan uitkom nie. Of siekte. Of dood. En dan gaan lê 'n mens soos 'n komma voor U voete... krom gebuig, arms voor die bors, en bene tot teen jou hart toegevou. Ek is U Komma-kind, Here.

Soms huppel en dans ek deur die lewe. Soms lag ek uit my maag en vat die lewe spontaan tussen my vingers vas. Ander kere loop ek so koes-koes vir mense en hulle woorde. En ander kere, Here, krul ek sommer net in 'n komma-bondel op by U voete.

Dankie dat U nooit U Komma-kinders uit die pad uit stoot nie. Of draaie om hulle loop nie. Nee, Here, wanneer U 'n Komma-kind huiwerig aan U kleed voel raak, stop U dadelik en buk met soveel liefde en deernis en sagtheid by U bondeltjie-mens. En as die Komma se bid opgeraak en weggeraak het, gaan soek U in die Komma-kind se oë en hart na dit wat gesê moet word. En dan luister U met U hart, né Here?

Komma-kinders kry maklik seer, Here. Maar niemand weet daarvan nie. Hulle huil binnekant toe, daar waar niemand kan kyk of seermaak nie. Hulle lag en leef elke dag asof dit hulle laaste dag is. En vanaand, wanneer die son sy kop gaan bêre, Here, gaan lê hulle in 'n komma

voor U voete. En as hulle veilig genoeg voel, dop hulle hul binnekant voor U uit.

'n Komma-kind se binnekant is veilig wanneer U U hande sag daarom van. Komma-kinders sukkel om te vertrou, Here. Hulle vrou nie verniet soos 'n komma op nie - dis om hulle binnekant te beskerm. Maar U weet dit, né Here? Daarom steek U U arms stil na die Komma-wesentjie uit en tel haar versigtig tot styf teen U hart - daar waar sy opregte, veilige liefde kan voel. Daar waar dit nie nodig is om in 'n komma te vrou nie. Daar waar sy diep kan asemhaal en U Stem hoor wat sag vir haar sê: "Kom maar na My toe... Ek wil so graag vir jou rus gee."

Dankie dat U nooit 'n streep deur 'n Komma-kind se lewe trek nie, Here. Dankie dat U U Komma-kinders se harte ken en verstaan... want Kommas sukkel partykeer om te praat. En wanneer die Komma leer dat U liefde is en dat U arms veilig is en dat U Stem sag is, begin sy stadig haar kop oplig en die wêreld requit-versigtig in die oë kyk. Want die God van Komma-kinders is ook haar God. En Hy is lief vir haar. En dis vir haar genoeg. Né, Here?

Al my liefde.

U Komma-kind.

MY PLANNE OF GOD S'N?

"I am the master of my fate, I am the captain of my soul." Hierdie woorde vanuit die gedig deur William Ernest Henley is verewig in die film "Invictus" wat die versoening van Suid-Afrikaners deur die bemiddeling van die eertydse president, Nelson Mandela, uitbeeld. Invictus beteken "onoorwonne".

Gegee al die swaarkry wat beide Mandela en Henley moes deurmaak, is dit bewonderenswaardig dat hulle besluit het dat hulle gees nie verbrysel sou word deur lewensomstandighede nie, maar dat hulle hul probleme met mannemoed en krag sou aandurf.

Op soortgelyke trant gebruik William Shakespeare en ander die frase, "do thy worst" in hul geskrifte. Dit kan dui op twee dinge: wat ook al 'n opponent jou sal aandoen, sal aanvaar word met oorgawe en sonder teenkanting; of dit kan dien as 'n uitdaging dat vuur met vuur begroet sal word.

Dit is goed om teen onreg op te staan, en om sterk te staan teen boelies of aanvallers - letterlik of metafories. 'n Wyse persoon het eenmaal gesê, "Ons kan nie kies wat na ons kant toe kom nie, maar ons kan kies hoe ons daarop reageer."

Daar is egter 'n paar onderliggende vrae: Wat is ons hartsmotief agter die vuis wat ons teen die wêreldig? Is ek werklik in beheer van my eie lewe? Moet ek druk vir my planne en begeertes, of is dit 'n mors van tyd om te probeer staan teen die winde en aanslae van die lewe? Waar pas die Here in?

BEPLANNING IS GOED

Erstens is die Bybel nie gekant teen goede beplanning nie. Jesus leer ons dat mense wat bouprojekte of oorloë aanpak, eers deeglik beplan. Netso moet ons die eise van dissipelskap verstaan en weet waarvoor ons ons inlaat wanneer ons sekere besluite maak: "Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, om te sien of hy genoeg geld het om dit te voltooi nie? Sodat dit nie gebeur dat, as hy die fondament lê en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, met hom begin spot en sê, 'Hierdie man het begin bou, maar kon nie klaarmaak nie.' Of watter koning trek op om met 'n ander koning oorlog te voer, en gaan nie eers sit en oorweeg of hy met tienduisend man opgewasse sal wees teen die ander een wat met twintigduisend teen hom optrek nie? Indien nie, stuur hy terwyl die ander een nog ver is, 'n afvaardiging en vra voorwaardes

vir vrede. Net so kan nie een van julle wat nie van al sy besittings afstand doen, My dissipel wees nie." (Luk. 14:28:33 DV). 'n Mens moet beplan en koste bereken, veral ook m.b.t. die geestelike.

SIF JOU PLANNE IN GOD SE LIG

Spreeke gee goede raad: "n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daaroor kom van die Here af. In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here ondersoek die gesindheid. Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk" (16:1-3NV). Dit is so dat die Here vir 'n mens verstandelike vermoëns gee wat gebruik moet word. Die uitdrukking lui "God helps those who help themselves." Maar nog beter is om God te ken in al ons planne en seker te maak dat dit in Sy wil is, voordat ons dit agternaaloop. "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop" (Spr. 3:5-6 NV). Ons onderwerping aan God se planne spruit uit ons vertroue op Hom en die wete dat Hy die beste vir ons wil hê. Dat Hy die beste weet en dat ons moet vertrou op Sy tydsberekening en Sy uitkomste.

BEPLAN IN NEDERIGHEID

Dit verg nederigheid om ons eie planne opsy te sit en God te vra wat Hy vir ons lewe beplan, veral as ons nie die hele prentjie kan sien nie. En as dit teen ons onafhanklikheid en dryf indruis. Jakobus leer, "Kom nou, julle wat sê: 'Vandag of mōre sal ons na hierdie of daardie stad gaan, en 'n jaar daar deurbring, en handel dryf en wins maak.' Julle weet nie eers wat mōre gaan gebeur nie. Hoe is julle lewe dan? Dit is maar 'n miswolkie, wat net vir 'n kort rukkie verskyn en dan weer verdwyn. Julle moet eerder sê: 'As die Here wil en ons nog leef, sal ons dit of dat doen.' Maar nou spog julle oor julle hoogmoedige optrede. Sulke gespog is verkeerd. As iemand weet om die goeie te doen en dit nie doen nie, is dit vir hom sonde" (Jak. 4:13-17 DV).

Ons beheer nie die werklikheid en ons lewensloop nie. Jesus herinner ons dat ons onself op God en Sy sorg vir ons kan werp, omdat ons nie mag het om selfs die kleinste dinge te vermag nie: "Kyk na die kraaie, want hulle saai nie en hulle maai nie; hulle het geen voorraadkamer of skuurnie, en tog voed God hulle. Hoeveel meer is julle nie werd as die voëls nie! En wie onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? As julle dan selfs nie die geringste kan doen nie, waarom kwel julle jul oor die ander dinge?

kwel julle jul oor die ander dinge? Kyk na die lelies, hoe hulle groei: hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle, selfs Salomo in al sy heerlikheid was nie bekleed soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld wat vandag daar is en mōre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel meer vir julle, kleingelowiges!" (Luk. 12:24-28 OV). Eerder as om te glo dat ons enigets kan vermag, as ons maar net hard genoeg probeer, is dit beter om te glo dat God dit tot uitvoer sal bring wat Hy wil bewerkstellig.

BETER EN BESTE

"Daar is baie planne in 'n mens se hart, maar die raad van die Here dít kom tot stand" (Spr. 19:21). As ons werklik iets van waarde wil bou, iets wat 'n impak sal maak en staande sal bly, moet ons aan die Here se voete sit en hoor wat Sy planne is. Die psalmidgter herinner ons dat mense en hul planne tydelik van aard is, maar dat God always en ewig is: "Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die Here sy God, wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is; wat trou bly tot in ewigheid; wat aan die verdruktes reg doen, wat aan die hongeriges brood gee. Die Here maak die gevangenes los.

Die Here open die oë van die blindes; die Here rig die wat geboë is, op; die Here het die regverdiges lief" (Ps. 146:3-8 OV).

Jesus leer ons, "Ek is die wingerdstok, julle die late. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie... Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangesel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in My Naam vra." (Joh. 15:5, 16 NV). Wanneer ons prioriteite is om God se koninkryk uit te brei, sal ons standhoudende vrug produseer, en ook verseker wees van God se ondersteuning en instaatselling. En ons sal groot vreugde en vredeervaar, omdat ons ons roeping sal vervul, en nie bloot menslike planne sal najaag nie.

TEN SLOTTE

Die Here is nie teen beplanning nie, maar verkies veel eerder dat ons Hom in die kleine en die grote sal ken. Hy wil ons lewe met ons deel. Dit spruit uit ons verhouding met Hom, en toon dat ons Hom eer en respekteer en hoër ag as ons eie wysheid. Hy sal ons afhanglikheid van Hom seën. Vanuit ons nederigheid sal Hy ons planne tot stand bring. As ons Hom eerste stel, sal ons vrug produseer wat sinvolle ewigheidswaarde het!

© C Venter

STEP INTO MY JOY

